2. Hy is vol liefde, vol genade,
en Hy laat geld dit wyd en syd.
Standvastig is sy trou, sy dade,
en Hy bemin geregtigheid.
Slegs deur 'n gedagte was die Heer by magte
om te laat ontstaan: al die helder, verre
glinsterende sterre en die helder maan.

7. Die Here gee ons sy beskerming,
Hy sal sy oog op ons bly hou;
ons stel ons hoop op sy ontferming;
ons sal op Hom, ons hulp, vertrou.
God se Naam is heilig, by Hom is ons veilig;
Hy sal altyd red. In ons vreugde lag ons,
op sy goedheid wag ons, hoopvol in gebed.

Vredesgroet
Kinderkerk

Verootmoediging en skuldbelydenis:
Lukas 17:11-19

Lied 247

1. Heer, wees ons genadig,
Christus, wees genadig,
Heer, wees ons genadig.

2. Kyrie eleison,
Christe eleison,
Kyrie eleison.

Genadeverkondiging
Antwoord – Lied 245: 1, 2

1. Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het,
sing dankbaar my verlossingslied.
U weet hoe ek na U verlang het -
U het u guns my aangebied.

Ek loof en prys U deurentyd,
ek loof en prys U deurentyd
en roem u groot barmhartigheid,
en roem u groot barmhartigheid.

2. Ek was verlore in my sonde
en van die goeie weg vervreem.
Tog doen die Heer aan my die wonder
om my as kind terug te neem.

Ek loof en prys U deurentyd,
ek loof en prys U deurentyd
en roem u groot barmhartigheid,
en roem u groot barmhartigheid.

GOD PRAAT MET ONS UIT DIE BYBEL

Gebed om opening van die Woord
Skriflesing – Efesiërs 3: 14-21
Boodskap

SAAM MET GOD AAN TAFEL

Opsteek van kerse by die Christuskers
Offergawes

GOD STUUR ONS...

Slotlied - 286

Here God van liefde, waar ons ook mag gaan,
wil ons in u skadu by U staan.
Hoor ons dankgebede, hoor ons loflied styg
as ons aan U ons dank betuig.
Here, u genade het ons hier behou,
in u hand van liefde vasgehou.
Moet nooit van ons wyk nie,
skenk aan ons u seën –
Here, laat ons nooit alleen.
Heer Jesus, laat ons nooit alleen,
ons wil vir ewig op u almag steun;
want elke knie sal buig
en elke hart sal juig,
Here Jesus, neem ons bede aan.

Seëngroet (Ef 3: 20-21)

Amen - Lied 314 [x2].

Voorsang

Lied 464:1-4

1. O Heer my God, as ek in eerbied wonder -
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

Refrein: Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

2. Ek sien die veld - die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind. **Refrein:**

3. U Seun word mens; in ons gebroke wêreld
kom vestig Hy sy koningheerskappy.
Hy maak weer heel wat sonde hier gebreek het.
Hy bring weer hoop en redding - ook vir my. **Refrein:**

4. U maak ons deel van al u grootse werke.
U laat ons bid, Heer, dat u ryk mag kom.
En kom U weer, in heerlikheid op wolke,
maak U volkome nuut u eiendom. **Refrein:**

Lied 286

Here God van liefde, waar ons ook mag gaan,
wil ons in u skadu by U staan.
Hoor ons dankgebede, hoor ons loflied styg
as ons aan U ons dank betuig.
Here, u genade het ons hier behou,
in u hand van liefde vasgehou.
Moet nooit van ons wyk nie,
skenk aan ons u seën, Here,
laat ons nooit alleen.
Heer Jesus, laat ons nooit alleen,
ons wil vir ewig op u almag steun;
want elke knie sal buig en elke hart sal juig,
Here Jesus, neem ons bede aan.

Ned. Geref. Gemeente Pinelands

EREDIENS

29 Julie 2012

Koninkrykstyd

GOD BRING ONS VOOR HOM SAAM

Verwelkoming en Bulletin

Aanvangslied – 526

1. Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is,
daar is God die Heer.

2. Ubi caritas et amor,
ubi caritas Deus ibi est.

Aanvangswoord (Ps 145: 8-9)

V: Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het.

A: Amen.

Seëngroet

Mag julle vanoggend die genade, barmhartigheid en vrede van die drie-enige God ervaar.

Loflied – 33: 1, 2, 7

1. Sing juigend, sing 'n nuwe loflied.
Besing opnuut die Heer se Naam;
bring nou 'n lofgesang met eerbied
soos dit gehoorsames betaam.
Net deur sy gedagte is die Heer by magte
om te laat geskied.
Wat Hy doen, duur ewig.
Vas staan dit en stewig soos Hy dit gebied.